SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2014

# BESIGHEIDSTUDIES

**PUNTE:** **300**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig voordat die vrae beantwoord word.

1. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die onderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit VYF onafhanklike vrae.
   Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies van elke vraag noukeurig deur en neem spesifiek kennis van wat vereis word.

3. Nommer die antwoorde sorgvuldig volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

4. Beantwoord al die vrae in VOLSINNE, behalwe waar spesifieke instruksies anders gegee word.

5. Gebruik die puntetoekenning asook die aard van elke vraag om die lengte van die antwoord te bepaal.

6. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy byvoorbeeld VRAAG 2 – NUWE BLADSY, VRAAG 3 – NUWE BLADSY, ens.

7. Gebruik die tabel hieronder as ŉ gids in die tyd- en puntetoekenning wanneer die vrae beantwoord word.

| AFDELING | | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|---|
| A | Meervoudigekeuse-vrae<br>Kies die korrekte woord<br>Pas-items<br>VERPLIGTEND | 1 | 40 | 30 minute |
| B | Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae. | 2 | 60 | 30 minute |
| | | 3 | 60 | 30 minute |
| | | 4 | 60 | 30 minute |
| | | 5 | 60 | 30 minute |
| | | 6 | 60 | 30 minute |
| C | Opsteltipe-vrae<br>Beantwoord enige TWEE van die vier vrae. | 7 | 40 | 30 minute |
| | | 8 | 40 | 30 minute |
| | | 9 | 40 | 30 minute |
| | | 10 | 40 | 30 minute |
| | **TOTAAL** | | **300** | **180 minute** |

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Vier moontlike opsies word as antwoord vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 E.

1.1.1 ʼn Etiese teorie wat lei dat as ʼn aksie daartoe aanleiding gee dat die meerderheid mense plesier verkry, die aksie as korrek kan word.

A Omgee-teorie
B Utilitêre-teorie
C Deugsaamheidgebaseerde-teorie
D Deontologiese-teorie (2)

1.1.2 Watter EEN van die volgende vorm deel van die makro-omgewing?

A Die missie van die besigheid
B Die ekonomiese omgewing
C Verbruikers
D Verskaffers (2)

1.1.3 ʼn Tegniek wat gebruik word tydens die bou van ʼn winkelsentrum om die minimum tyd benodig vir elke taak te bepaal.

A Gantt-kaart
B Tydlyn
C Kritiekeroete-ontleding
D Skedulering (2)

1.1.4 Wanneer ʼn groot vervaardiger hulp van deskundiges verkry om vooruitskattings te maak van verbruikers, onafhanklik van mekaar om produksievlakke aan te pas, sal hulle van die probleemoplossingstegniek gebruik maak.

A Leë stoeltegniek
B Kragveldontleding
C Trapleer-tegniek
D Delphi-tegniek (2)

1.1.5 Dit is vorme van besigheid eienaarskap waar daar geen regspersoonlikheid is nie, en die eienaar of eienaars betaal belasting in hul persoonlike hoedanigheid.

A Privaat maatskappy en publieke maatskappy
B Vennootskap en privaat maatskappy
C Beslote korporasie en vennootskap
D Eenmansaak en vennootskap (2)

1.1.6 Die bemarkingsmengsel bestaan uit die volgende beleidsrigtings:

A Produk, prys, verspreiding, reklame en publisiteit
B Persoonlike verkope, verkoopspromosie, reklame en publisiteit
C Produkontwikkeling, ontwerp, verpakking en handelsmerke
D Prystegnieke, prysbepaling, prysaanpassing en vraag en aanbod (2)

1.1.7 Die hulpbron-navorser is 'n spanrol waar die span wat die rol vervul geleenthede ondersoek en daarop uit is om nuwe idees na vore te bring deur met andere te netwerk. Watter span dinamiese-teorie sluit hierdie span rol in?

A Jungiaanse-teorie
B Margerison McCann-teorie
C MRT-1 benadering
D Belbin se rolle teorie (2)

1.1.8 Die proses waardeur verteenwoordigers van besighede met aansoekers praat en hul vaardighede, persoonlikheid en toepaslikheid vir 'n spesifieke posisie evalueer.

A Werwing
B Seleksie
C Induksie
D Onderhoudsvoering (2)

1.2 Vul die ontbrekende woord(e) vir elk van die volgende. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 … word bereken deur die totale koste te deel deur die totale aantal vervaardigde goedere.

1.2.2 Wanneer besighede plaaslike gemeenskappe ondersteun en ophef staan dit as ... bekend.

1.2.3 Die bedrag van die franchise-nemer die franchisegewer betaal vir die moeite om die besigheid te stig en sy idee te gebruik is ...

1.2.4 Die stadium in spanontwikkeling waar spanne effektief as ŉ eenheid saamwerk staan as ... bekend.

1.2.5 … is koste wat dieselfde bly ongeag die aantal eenhede wat vervaardig word.

1.2.6 Wanneer ŉ besigheid vir ŉ sekere tydperk betaal vir die gebruik van ŉ bate in plaas daarvan om dit te koop, staan dit as ... bekend.

1.2.7 ŉ Dokument wat gebruik word om die publiek uit te nooi om aandele en obligasies in ŉ maatskappy staan as ... bekend.

1.2.8 ŉ … is ŉ groep werkers in ŉ spesifieke industrie wat saamkom as ŉ gesamentlike eenheid. (8 x 2) (16)

1.3 Kies ŉ term uit KOLOM B wat by ŉ beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.5 G.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Prosedures om vir tydelike ongeskiktheid te eis | A Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde |
| 1.3.2 Eksklusiewe regte wat aan die oorspronklike skepper van ŉ werkstuk gegee word | B Bedryfsregheffings (tantieme) |
| 1.3.3 Die manier waarop die liggaam reageer op situasies wat ŉ persoon moeilik vind om te hanteer | C Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes (‘COIDA’), 1997 (Wet 61 van1997). |
| 1.3.4 Die amptelike kwaliteitversekerings-liggaam wat produkstandaarde stel en dit onderhou | D Stres |
| | E Arbeidsverhoudingswet |
| | F Kopiereg |

(4 x 2) (8)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae van die vyf vrae in AFDELING B. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

### VRAAG 2

2.1 Lees die onderstaande verklaring en beantwoord die vrae wat volg.

> "Eerste Nasionale Bank het onlangs ŉ nuwe vooraf betaalde reiskaart wat Traveller Exchange ("Travelling Gold") genoem word, bekend gestel. Suid-Afrikaanse reisigers betaal die huidige wisselkoers tarief vir alle aankope wanneer gebruik gemaak word van buitelandse geldeenhede (Euro, pond of Amerikaanse dollar). Klante kan vir enige goedere of dienste betaal in enige land wat hulle besoek deur van die 'Travelling Gold' reiskaart gebruik te maak."

2.1.1 Identifiseer die besigsheidsomgewing wat in die verklaring bespreek word. (2)

2.1.2 Noem TWEE komponente van die besigheidsomgewing wat in VRAAG 2.2.1 genoem was, soos in die gevallestudie verwys word. (2 x 2) (4)

2.1.3 Verduidelik die mate van beheer wat die besigheid het oor die omgewing waarna in VRAAG 2.1.1. verwys word. (2 x 2) (4)

2.2 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Die eienaars van Hoho Plantasie het besluit om hul besigheid uit te brei deur ŉ meubelvervaardiging onderneming, genaamd Unathi Houtprodukte by te voeg. Hulle gebruik hulle eie voertuie om rou grondstof materiale en klaargemaakte produkte te vervoer. Hulle het hulle plaaslike banktak van Nedbank genader om die beplande uitbreiding te finansier. Hulle het ook besluit om die versekeringsmaatskappy Metropolitan te nader om hulle werkers oor versekering in te lig.

2.2.1 Klassifiseer die verskillende ondernemings wat in die gevallestudie genoem word volgens die verskillende sektore waarin elk besigheid doen. (4 x 2) (8)

2.2.2 Omskryf die verskillende sektore in VRAAG 2.2.1 genoem. (3 x 2) (6)

2.2.3 Noem DRIE komponente van die besigheidsomgewing wat die besigheid onmiddellik omsluit. (3 x 2) (6)

2.3 "Huurkoop is een van die vele maniere om besigheid te doen."

Beskryf kortliks die voordele en nadele van huurkoop vir die verhuurder. (4 x 2) (8)

2.4

| |
|---|
| Ondernemings ervaar baie besigheidsverwante uitdagings en onsekerhede op 'n daaglikse basis. Om die uitdagings en onsekerhede te oorkom, vorm hulle besigheidsverhoudings met ander belanghebbende groepe wat soortgelyke probleme ondervind. |

Kortliks verduidelik enige TWEE tipes besigheidsverhoudings. (12)

2.5 Tabuleer die verskille tussen vennootskappe en beslote korporasies onder die volgende subopskrifte:

2.5.1 Wetlike prosedures by oprigting

2.5.2 Aanspreeklikheid

2.5.3 Regspersoonlikheid

2.5.4 Kontinuïteit

2.5.5 Kapitaalbronne (5 x 2) (10)

**[60]**

## VRAAG 3

3.1 “Die styl van verpakking wat gebruik word moet die aandag van voornemende verbruikers trek.”

3.1.1 Noem enige TWEE tipes verpakking. (2)

3.1.2 Beskryf kortliks enige DRIE vereistes van goeie verpakking. (12)

3.1.3 “Die prys van goedere word beïnvloed deur die vorm van die mark waarin die besigheid opereer.”

Noem en verduidelik enige TWEE vorme van markte. (8)

3.2 Lees die gevallestudie van Z.K. Matthews Rekenaars en beantwoord die vrae wat volg.

Gedurende ŉ vergadering op 30 September 2014, het lede Wilberforce, Patrick en Nceba besluit dat sekere funksies uitgevoer moet word om die onderneming effektief te maak.

- Die voornemende beslote korporasie moet geregistreer word teen die eerste week van Oktober en bykomende kapitaal van R20 000 moet in die tweede week bekom word. (Lid verantwoordelik – Patrick)
- Personeelvoorsiening is steeds ŉ probleem en ŉ verkoopsbestuurder en sy ondersteuningspersoneel moet nog gewerf word, onderhoude gevoer word en aangestel word binne drie weke om betyds vir die aanvang van die besigheid te wees. (Lid verantwoordelik – Nceba)
- Die besigheid is van voorneme om ŉ gebou te huur wat ten volle gemeubeleerd moet wees. Die huurkontrak, sowel as alle kommunikasielyne (insluitende telefoon en internetaansluitings) moet binne twee weke gefinaliseer word. (Lid verantwoordelik – Wilberforce)
- Voorraad moet aangekoop word, pryse op kry en vertoon word teen die tweede week. (Lid verantwoordelik – Patrick)
- Indiensopleiding sal plaasvind vanaf week drie tot en met week vyf. (Lid verantwoordelik – Nceba)

3.2.1 Bestudeer die inligting hierbo en gebruik dit om ŉ Gantt-kaart op te trek. (12)

3.2.2 Verduidelik die waarde van ŉ Gantt-kaart as ŉ instrument om ŉ besigheid te help om sy missie en ondernemingsdoelwitte te bereik. (4 x 2) (8)

3.3 Lees die volgende gesprek en beantwoord die vraag wat volg.

| | |
|---|---|
| Dlamini: | "Hoe kry jy dit reg om jou besigheid onder sulke ekonomiese omstandighede te bestuur? Kyk wat het by Marikana gebeur. Vakbonde soos NUM en AMCO is besig om ons ekonomie te destabiliseer." |
| Cyril: | "My Baccalaureusgraad in Besigheid en die kennis wat dit my verskaf, is 'n bron van krag en gerusstelling. Ek het ook die nodige vaardighede om 'n besigheid te bestuur en beheer en dit alles dra by om my 'n suksesvolle sakeman te maak." |

Na watter kwaliteite (eienskappe) is Cyril besig om na te verwys? Verduidelik enige VYF van die kwaliteite (eienskappe). (10)

3.4 Verduidelik enige VIER gesondheid- en veiligheidsmaatreëls wat geïmplementeer kan word om fabriekswerkers te beskerm. (4 x 2) (8)

**[60]**

## VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE

4.1 "Verskillende etiese perspektiewe kan die manier waarop besighede omgewingsvolhoubaarheid beskou, beïnvloed."

4.1.1 Wat is verskil tussen besigheidsetiek en persoonlike etiek? (4)

4.1.2 Noem enige VIER beginsels van besigheidsetiek. (8)

4.1.3 Daar is verskeie teorieë oor etiek. Lys enige VIER sulke etiek teorieë. (8)

4.2 Noem VYF vereistes wat indien daaraan voldoen word, sal lei tot ŉ suksesvolle aanbieding. (5 x 2) (10)

4.3 "Probleme in ŉ besigheid moet so gou as moontlik opgelos word."

4.3.1 Beskryf SES stappe wat gevolg moet word in die oplossing van ŉ probleem. (6 x 2) (12)

4.3.2 Noem enige VIER stappe wat gebruik kan word as die Delphi-tegniek word tydens probleemoplossing toegepas. (4)

4.4 Verduidelik enige VIER redes waarom besighede in Suid-Afrika in sosiale verantwoordelikheidsprogramme betrokke is. (8)

4.5 "Goeie ondernemings-burgerskap behels ŉ wye reeks aktiwiteite."

Beskryf enige DRIE beginsels van goeie ondernemings-burgerskap. (3 x 2) (6)

**[60]**

## VRAAG 5

5.1 Bestudeer die onderstaande inligting aangaande Nicks Food (Edms) Bpk., een van die vervaardigers van die beste vleis-gebaseerde klaargemaakte maaltye.

| NICKS FOOD (EDMS) BPK. | PRODUKSIEKOSTE VIR OKTOBER 2014 |
|---|---|
| Rou materiale (Grondstowwe) | R140 000 |
| Arbeid | R185 000 |
| Versekering | R30 000 |
| Huur | R18 000 |
| Skoonmaakmiddels | R10 000 |
| Verpakking | R8 000 |

Nicks Food het 30 000 klaargemaakte maaltye gedurende die maand van Oktober 2014 vervaardig.

5.1.1 Bereken die veranderlike koste vir die maand. (4)

5.1.2 Bereken die vaste koste vir die maand. (4)

5.1.3 Bereken die totale produksiekoste vir die maand. (3)

5.1.4 Bereken die produksiekoste van een klaargemaakte vleisgebaseerde maaltyd. (3)

5.2 "Die Wet op Gelyke Indiensneming vereis dat besighede mense van alle groeperings in diens neem om die Suid-Afrikaans demografie te reflekteer."

Noem enige VYF doelwitte van Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998) . (5 x 2) (10)

5.3 "Sodra die applikant gekies is en die pos aanvaar het, moet hy/sy ŉ werkskontrak teken."

5.3.1 Omskryf die term *werkskontrak*. (2)

5.3.2 Lys enige VYF voorwaardes wat in die werkskontrak ingesluit sal wees. (5 x 2) (10)

5.3.3 Onderskei tussen *werksbeskrywing* en *werkspesifikasie*. (2 + 2) (4)

5.4 Bespreek VIER oorsake van konflik wat mag tussen twee of meer werknemers in die werkplek voorkom. (12)

5.5 "ŉ Induksieprogram is ŉ program wat ontwerp is om ŉ nuwe werknemer in ŉ werkplek of besigheid te oriënteer."

Noem enige VIER voordele van ŉ induksieprogram. (4 x 2) (8)

**[60]**

**VRAAG 6**

6.1 Noem die VIER elemente wat by suksesvolle spanne gevind kan word. (8)

6.2 "Kwaliteitbeheer verseker dat 'n produk van die regte kwaliteit geproduseer word deur die konstante monitering van die produksieproses."

Bespreek VYF voordele van kwaliteitbeheer. (5 x 2) (10)

6.3 Noem enige SES tegnieke wat deur leiers gebruik kan word om verandering te bestuur. (6 x 2) (12)

6.4 "Bruce Tuckerman het gesê dat daar vier stadiums vir spanontwikkeling is ten einde sukses met 'n projek te behaal."

Beskryf die vier stadiums van spanontwikkeling. (12)

6.5 "Uitkontraktering is wanneer 'n besigheid goedere en/of dienste aankoop van 'n derde party eerder as om dit self te produseer."

Noem enige VYF voordele van uitkontraktering vir 'n besigheid. (5 x 2) (10)

6.6 Noem enige VIER oorsake van stres in die werkplek. (4 x 2) (8)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae uit hierdie afdeling.

**LET WEL:** Begin elke vraag op ʼn skoon bladsy en nommer die vraag soos op die vraestel, bv. VRAAG 11.

### VRAAG 7

| |
|---|
| Unathi Houtprodukte verkoop meubels aan Joy Meubels in William's Town. Die rou materiale wat deur Unathi Houtprodukte gebruik word, word van Hoho Plantasies in Keiskammahoek verkry. |

Dit is duidelik dat ekonomiese sektore interafhanklik van mekaar is en nie in isolasie kan funksioneer nie. Bespreek elkeen van die sektore en analiseer hul interafhanklikheid van mekaar in detail. Gebruik voorbeelde regdeur jou bespreking om jou antwoord te ondersteun. **[40]**

### VRAAG 8

| |
|---|
| Peter en John is twee wat van die platteland in die Oos-Kaap afkomstig is. Hulle het besigheidsvakke bestudeer. Peter het sy graad in besigheid deur Rhodes Universiteit voltooi en John het ʼn slaghuis saam met sy vader bestuur. Die twee het besluit om hul eie onderneming te stig. |

Beide vriende nader jou vir advies rakend die keuse van geskikte vorm van eienaarskap. Berei ʼn aanbieding voor vir hulle, waarin jy duidelik demonstreer hoe om te werke te gaan om die mees geskikste vorm van eienaarskap te kies. Stel ʼn vorm van eienaarskap voor waar daar nie onderskeid tussen die eienaars se bates en die bates van die besigheid getref word nie. **[40]**

### VRAAG 9

| |
|---|
| "... alhoewel in Hathron se geval Mondi goed vertoon het, wat vakbonde sal omkrap is dat verskeie topbestuurders salarisse van meer as R20 miljoen verdien het ongeag swak maatskappy vertonings." |

Verduidelik hoe vakbonde stakings gebruik om beter werksomstandighede te bereik. Verduidelik ook die verskillend tipes stakings. Wat is die funksies van ʼn vakbond? **[40]**

### VRAAG 10

| |
|---|
| Matsobane Matlwa, die hoofuitvoerende beampte van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters het onlangs besluit om die instituut te verlaat om na sy persoonlike besigheidsbelange om te sien. Jy is die menslike hulpbronbestuurder van die instituut. |

Bespreek in detail jou werwing-, seleksie-, plasing- en induksieprogram vir die nuwe hoofuitvoerende beampte. In die lig van huidige wetlike vereistes, verduidelik kortliks DRIE sake wat oorweeg moet word wanneer die vakante pos gevul word. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**
**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou 